

Maandag

Kol. 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12. Teks: Kolossense 2: 9 en 10: "In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in hom is julle met sy volheid vervul." Tema: 'Christus vervul ons met alle liefde ten volle.' Paulus spreek in hierdie brief die versugtinge van Christene uit die heidendom binne die gemeente aan. Hulle het met die heidense versugting geleef om met God 'n voller, ryker en meer oorvloediger belewenis van God te ervaar as wat Jesus Christus vir hulle gee. In hulle heidense versugtinge was daar vir hulle in alles wie Christus as Here is en doen, nog steeds 'n geestelike gemis en leegheid gewees. Paulus spreek hierdie ou heidense versugting aan deur te wys dat daar niks vir ons lewe met God in Christus ontbreek nie met drie drie woorde in hoofstuk 1 en 2: alles, vol en ryk. In die kerk van die Here neem Hy in ALLES die eerste plek in. (1:18) gee AL die wysheid en insig van God deur die Gees. (1:9), sorg dat ons God in ALLES tevrede stel (1:10) en laat Hy ons in AL die skatte van wysheid en kennis oor God deel. (1:3) Christus bring ons tot volmaaktheid vir God in Hom (1:28), Christus vervul ons met VOLHEID (2:10) en Hy laat ons oorvloedig dankbaar wees teenoor God (1:7) In Christus is AL die skatte wat God aan sy kinders gee (2: 3), Christus laat ons leef in die rykdom van ons vereniging met Hom (1:27) en Hy bring ons tot die rykdom van die ALLESOMVATTENDE kennis van God se liefde, genade en vrede. Christus is die volheid van ALLES wie God vir sy kinders is en die volheid van ALLES wie God sy kinders vir Hom laat wees. Dit is die kernsin en hoofverklaring van Paulus in 2: 9 en 10: "In Hom is die VOLLE wese van God immers liggaamlik teenwoordig en in ... is julle met hierdie VOLHEID vervul." Daar is niks van God wat in Christus ontbreek nie en daar is niks in God se kinders wat Christus nie vervul met ALLES wie God vir hulle is en God hulle vir Hom laat wees nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Kol. 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12. Teks: Kolossense 2: 9 en 10: "In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in hom is julle met sy volheid vervul." Tema: 'Christus vervul ons met alle liefde ten volle.' Paulus wys wat die onvervulde versugting in die Christene uit die heidendom in Kolosse deur aan te sluit by Hosea 2: 1 – 12. Dit is die voorbeeld van 'n eggenote (die vrou) se behoefte aan minnaars terwyl sy 'n getroude vrou wil bly! God is vir Israel soos 'n getroue man wat sy kinders met alles wat hulle nodig het in liefde versorg: koring, wyn, olie, wol vlas en baie geld, maar Israel (die getroude vrou) maak asof sy hierdie sorg by haar minnaars, haar afgode kry. Sy voel onvervuld in die volle liefdevolle sorg van God. Wanneer sy dan 'n minnaar kry wat net vir een aand vir 'n kamer betaal, net een keer 'n ete koop en een keer vir haar juwele gee, dan voel sy dit maak haar lewe vol en vat al die gemis in haar lewe weg! Dit is terwyl haar man nog steeds elke dag vir alles volledig moet sorg! Dit is die perversie om 'n man te hê wat ALTYD VIR ALLES moet sorg maar 'n minnaar wat met 'n paar spesiale oomblikke jou vervul. Die bietjie van die minnaar is altyd meer inniger, spesiaals, intiemer en kragtiger as die alles wat die man gee. Hierdie "iets meer" as volle liefde is mag! Elke sielkundige

handboek beskryf hierdie intieme perversie: intimiteit as beheer! Intimiteit as ondergeskiktheid en mag! Dit gaan nie oor 'n gemis aan liefde wat nie genoeg is nie, maar oor die sug na die ondergeskiktheid en mag van perverse begeertes wat nie liefde is nie. Daarom stel Paulus dat alles wat hierdie Christene uit die heidendom nou buite Christus soek, gaan oor die bevrediging van hulle sondige natuur. (2:23) Hulle wil dat goddelike kragte en magte buite Christus, in hulle die leemte, die leegheid en die gemis aan liefde wat ondergeskiktheid en mag is, sal bevredig. Hulle soek geestelike minnaars om hulle spesiaal te laat voel. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Kol. 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12. Teks Kolossense 2:9 en 10: "In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in hom is julle met sy volheid vervul." Tema: 'Christus vervul ons met alle liefde ten volle.' Paulus stel in Kolossense 1 en 2 die kontras tussen die volheid in Christus en sekere gemeentelede se soeke na iets anders buite die volheid in Christus. Die eerste kontras gaan oor “filosofiese redenasies wat gegrond is op menslike tradisie en kosmiese elemente” (2: 8) téénoor “Christus in wie al die skatte van wysheid en kennis verborge is. (2: 3) Christus is die volle kennis en wysheid van God se liefde, genade, goedheid en barmhartigheid. (2:3) Hierdie kennis en wysheid gaan oor hoe Hy as God ons deel van sy liggaam-wees as mens maak. Ons is ingesluit deur sy teenwoordige krag AS GOD by wie Hy AS MENS liggaamlik in die hemel is om só deur van sy lyding, kruisiging, sterwe en opstanding deel te wees. ((2:11 – 13) In hierdie vereniging met Christus ken ons al God se liefde, goedheid, barmhartigheid en vrede met ons in ons sondigheid. Maar die Christene uit die heidendom voel dat in hierdie kennis van Christus se lyding en opstanding daar 'n leemte, 'n gemis en gebrek aan die kennis van wie God eintlik vir hulle is. Hierdie sogenaamde spesiale kennis van God waarin 'n mens God beter en meer intiemer ken as in Christus, vind hulle dan in teorieë oor die goddelikheid van die natuur: water, grond, wind en vuur. (kosmiese elemente) Hulle voel meer intiem met God in die vergoddeliking van die kennis van natuur. Hoekom? Want kennis van die natuur is mag oor die skepping, maak jou met God 'n MEDE-HEERSER (2:15). Daarteenoor: die volle kennis van God se liefde in Christus maak jou nie heerser nie maar DIENAAR. Daarom voel hulle dat die kennis en wysheid oor God se volle liefde laat in hulle nog 'n leemte, 'n gemis aan mag. Die leemte, gebrek en gemis aan goddelike kennis is die gemis om sondig te wees, nie om meer van God se liefde en diens te wil weet nie. Dít is soos die versugting na 'n minnaar, terwyl jy klaar 'n man het wat elke dag vir jou sorg! Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Kol. 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12. Teks: Kolossense 2: 9 en 10: "In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in Hom is julle met sy volheid vervul." Tema: 'Christus vervul ons met alle liefde ten volle.'

Die TWEEDE KONTRAS (ons het gister reeds die eerste kontras bespreek) gaan oor die volheid in Christus téénoor die leegheid wat die Christene uit die heidendom in Christus beleef, gaan oor om beoordeel te word volgens hulle onderhouding van “wat julle eet of drink of ’n fees, ’n nuwemaansfees of die Sabbat” téénoor “maar nou het Hy julle deur sy liggaam met Homself versoen, sodat hy deur sy dood julle heilig, foutloos en onberispelik voor Hom kan stel.” Christus is die VOLHEID van God se liefde vir sondaars en laat ons met ons skewe, gebroke en halwe liefdes deur sy dood vir God heilig, foutloos en onberispelik wees. (1:22) Maar, sekere lidmate voel egter aan die een kant ’n LEEGHEID in Christus en aan die anderkant meer ONBERISPelik as hulle sekere kos en dranksoorte nie gebruik nie, meer FOUTLOOS as hulle wel spesiale godsdienstige feeste vier (soos Pinksterfeeste vandag) en meer HEILIG as hulle die Sabbat onderhou.

Die DERDE KONTRAS gaan oor “die aanbidding van engele en sien van visioene” (2:18) téénoor die waarheid van die evangelie. (1:6) Deur die evangelie bring Christus deur sy Gees sy kinders tot die volle verheerliking van God. (1: 9 -11) Maar weereens, sekere lidmate voel egter meer INTIEM in hul aanbidding deur verhoudings met engele en visioene as deur die evangelie van Christus alleen.

Die VIERDE KONTRAS gaan oor “selfvernederings”, “gewaande nederigheid” en “selfkastyding” (2: 18, 19) téénoor “geloof, hoop en liefde” (1:4 en 5) Hulle voel geestelik meer VERVULD en INTIEMER met God om hulle self voor God sleg te sê, hul so nederig te hou dat hulle goddelik word en hul self met God se oordele en strawwe te kasty.

Die geloof in God se volle liefde in Christus, die sekerheid dat ons met ons gebreke God mag lief hê en die vaste hoop dat hierdie liefde nooit sal ophou nie omdat Christus ons uit die dood sal laat opstaan, bly vir hulle leeg en gebrekkig. Hulle soek vervulling in hul “minnaar”: die mag van afgodsdienste! Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag

Kol. 1: 3 -5, 15 – 17; 2: 8 – 23. Hosea 2: 5 – 12. Teks: Kolossense 2:9 en 10: "In Hom is die volle wese van God teenwoordig – en in Hom is julle met sy volheid vervul." Tema: 'Christus vervul ons met alle liefde ten volle.' Christus ontklee al die kragte, magte, maghebbers en gesagvoerders wat hulle voordoene om ’n voller, ryker, en oorvloediger geestelike lewe te gee as wat daar in Christus vir ons is, én paradeer hulle as naak, sonder hierdie gewaande kragte en magte. (Kol. 2:15) Christus ontklee hierdie versugting

* na ’n voller, ryker, beter en inniger geestelikheid met God as die volle liefde waarin Hy mense insluit,

* van die beeld dat dit ’n hoër geestelikheid is en

vertoon dit vir wat dit is:

die drif van mense se sondige aard om met mag en nie in liefde te wil leef nie. Dít is die drif vir minnaars! In die moderne Christelikheid van vandag het hierdie afgodsdienste weer in die kerk opgestaan. Hulle maak van Christus hul man (soos in die voorbeeld van die huwelik) en die Heilige Gees hul minnaar (soos die eggenote wat ontevrede is met haar man wat elke dag vir haar versorg en liefhet).

Christus is vir hulle die Here wat moet sorg vir vergifnis en liefde, maar dit is nie spesiaal genoeg nie. Vir hulle is die Heilige Gees die ervaring van die volheid, oorgloed en intimiteit met God wat Christus en geloof in Christus jou nie kan gee nie. Christus gee vir hulle vergifnis en liefde, maar hulle glo dat die Heilige Gees hulle spesiaal maak deur vir hulle goddelike krag, goddelike lewe, goddelike drome, visies en missies te gee. Ons as gelowiges, deel in die volheid van alles wat Christus as Here vir ons is en ons vir Hom laat wees. Hulle, wat goddelike geeste soek om hul met God se krag, mag en lewe te vervul, sal deur die Here Jesus ontklee word as mense wat leef in hul sondige drifte. Christus het die onvervulde "gelowiges" se wapens teen ons, hulle klagte dat ons nie die volle Christelike lewe leef nie, VERNIETIG. In Christus IS ons in die volle liefde van God en maak HÝ ons liefde vir Hom volkome. Ons leef in hierdie geloof, vrý van die geestelike versugtinge na iets meer, inniger en beter as Christus. " Die Here is my Herder, ek kom niks kort nie." Ps. 23 Preek beskikbaar op Google by ngkerklewubu.co.za Ds. Petrus.